



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP TUESDAY, 25 AUGUST 2026 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Pypers, D C (DA)
Booyesen, A M (VF ⁺)	Papier, J R (GOOD)
Fortuin, C (ANC)	Penxa, B J (ANC)
Gaika, M F (EFF)	Pieters, C (ANC)
Le Minnie I S (DA)	Smit, N (DA)
Mains, R R (PA)	Van Essen, T (DA)
Nel, M (DA)	Vermeulen, G (VF ⁺)
Ngozi, M (ANC)	Warnick, A K (DA)
O'Kennedy, E C (DA)	Williams, A M (DA)

Beampies:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr H Witbooi
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lid van die publiek.

Rdl G Vermeulen open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle R Jooste, P E Soldaka en die Direkteur: Finansiële Dienste.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: AANWYSING VAN RDL R R MAINS NA PORTEFEULJEKOMITEE: BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT (op versoek van die Uitvoerende Burgemeester) dat rdl R R Mains aangewys word na die Portefeuljekomitee: Beskermingsdienste.

3.2/...

3.2 MUNISIPALE BESTUURDER: KENNISGEWING VAN BEDANKING VAN DIE DIREKTEUR: ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE, MNR M J MÖLLER

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit hom spyt om mee te deel dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr M J Möller, sy bedankingsdatum vanaf 31 Januarie 2027 vervroeg na 31 Oktober 2026 het.

Die Munisipale Bestuurder meld dat, alhoewel hierdie nie as 'n afskeid beskou word nie, die raadsvergadering as 'n gepaste geleentheid beskou word om mnr Möller te vereer vir die impak wat hy op Swartland Munisipaliteit gemaak het. Onder andere, kon mnr Möller daarin slaag op Eskom te oortuig om kritiese water- en rioolsuiweringswerke van beurtkrag vry te stel. Dit getuig van mnr Möller se kundigheid, inisiatief en waardetoevoeging waarby Swartland Munisipaliteit baat gevind het.

Die Munisipale Bestuurder meld dat mnr Möller aangedui het dat sy vervroegde aftrede aan persoonlike redes toegeskryf kan word. Daar moet egter kennis geneem word dat die toenemende geregleerde werksomgewing, 'red tape', regulasies en voorgeskrewe SCM-prosesse, 'n beduidende tol geëis het.

Voormelde moet as 'n wekroep dien, nie slegs vir Swartland Munisipaliteit nie, maar vir alle plaaslike owerhede om tot die besef te kom dat oormatige 'red-tape' nie slegs amptenare frustreer nie, maar 'n impak het op effektiewe en doeltreffende dienslewering.

Die Munisipale Bestuurder spreek sy hoop uit dat mnr Möller se kundigheid nie vir die publieke sektor verlore sal gaan nie, en dat Provinsie, die Premier of Minister Bredell van die geleentheid gebruik sal maak om sy kundigheid op 'n ander vlak te gebruik tot voordeel van plaaslike owerhede. Mnr Möller is verder as die ideale kandidaat beskou, weens sy kundigheid, leierskap en institusionele begrip, om met die aftrede van mnr Scholtz op 'n korttermyn basis as Munisipale Bestuurder te kon waarneem.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die vervroegde aftrede van mnr Möller 'n groot verlies vir Swartland Munisipaliteit is.

Rdh T van Essen, namens die Raad, meld dat mnr Möller 'n vinnige begrip ontwikkel het vir die uitdagings van die Munisipaliteit en dat sy kennis op verskeie terreine indrukwekkend was. Rdh van Essen bedank mnr Möller, onder andere, vir sy waardevolle bydrae om veral die Sonkwasdrift Pompstasie vry te stel van beurtkrag.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 JULIE 2026

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 30 Julie 2026 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 30 JULIE 2026

Geen.

6. SAKE VIR BESPREKING

6.1 GOEDKEURING VAN DIE GOP- EN BEGROTINGTYDSKEDULE (2/1/4/4/1)

Die Uitvoerende Burgemeester moet ingevolge Artikel 21(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê

6.1/...

met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

Die datums in die tydskedule word in 'n groot mate deur die sperdatums ingevolge die MFMA en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 bepaal.

Die tydskedule is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl A M Williams)

Dat die aangehegte GOP- en Begrotingskedule vir die hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse Begroting kragtens artikel 21 (1) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, goedgekeur word.

6.2 VERSLAGDOENING IN TERME VAN ARTIKEL 15(3) VAN DIE WET OP MUNISIPALE EIENDOMSBELASTING INSAKE BELASTINGVRYSTELLING, -AFSLAG, -KORTINGS EN “REVENUE FORGONE” VIR DIE 2025/2026 FINANSIËLE JAAR (5/3/1/3)

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingwet, Wet 6 van 2004 bepaal ingevolge Artikel 15(3) dat die Munisipale Bestuurder jaarliks verslag aan die Raad moet doen rakende alle belasting-vrystellings, -afslag en -kortings wat in die vorige finansiële jaar toegestaan is.

Die verslag vir die periode 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die vrystellings van munisipale eiendomsbelasting aan openbare weldaadsorganisasies/nie-regeringsorganisasies, afslag, kortings toegestaan en inkomste afgestaan (*revenue forgone*) soos gestaaf in die verslag hierbo vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2026.

6.3 ADMINISTRATIEWE BEREKING VAN PADVERKEERSOORTREDINGS (AARTO): MAGTIGING OM INTERREGERINGSDISPUUT INGEVOLGE DIE WET OP DIE RAAMWERK VIR INTERREGERINGSVERHOUDINGE, WET 13 VAN 2005 TE VERKLAAR (

Die Raad het in Oktober 2025 besluit om uitstel vir die implementering van AARTO te versoek en om Stad Kaapstad se aksie te ondersteun vir 'n moontlike verkryging van 'n interdik teen die implementering van AARTO

Die Stad Kaapstad het sedert 2025 verskeie samesprekings met die Minister van Vervoer, die Nasionale Departement van Vervoer en die Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC) gehad aangaande die uitstaande kwessies om AARTO suksesvol te implementeer. Tot op hede is die uitstaande kwessies nie aangespreek nie en het Stad Kaapstad 'n interregingsdispuut verklaar.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die vorige besluite en korrespondensie van Swartland Munisipaliteit rakende die implementering van die Wet op Administratiewe Berekening van Padverkeersoortredings, Wet 46 van 1998 en die Wysigingswet op Administratiewe Berekening van Padverkeersoortredings, Wet 4 van 2019;

(b)/...

- (b) Dat die Raad kennis neem van die formele interregeringsdispuut wat op 30 April 2026 deur die Stad Kaapstad verklaar is ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, Wet 13 van 2005, asook van die wesenlike oorvleueling tussen die kwessies wat die onderwerp van daardie dispuut vorm met die bekommernisse wat voorheen deur Swartland Munisipaliteit geopper is;
- (c) Dat die Raad bevestig dat die uitstaande regs-, finansiële, institusionele en operasionele aangeleenthede rakende die implementering van AARTO Swartland Munisipaliteit se vermoë om die stelsel wettig, doeltreffend en op 'n finansiële volhoubare wyse te implementeer, wesenlik raak;
- (d) **Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word om, namens Swartland Munisipaliteit, 'n interregeringsdispuut ingevolge Artikel 41 en Hoofstuk 4 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, Wet 13 van 2005 met die betrokke staatsorgane te verklaar, insluitend, waar toepaslik, die President van die Republiek van Suid-Afrika, die Minister van Vervoer, die Nasionale Departement van Vervoer, die Padverkeersoortredings-agentskap en die Padverkeersbestuurskorporasie, rakende die implementering van AARTO en die onopgeloste aangeleenthede wat in hierdie verslag uiteengesit word;**
- (e) Dat die Uitvoerende Burgemeester gemagtig word, met die bystand van die Munisipale Bestuurder en sodanige amptenare en regs- of ander professionele adviseurs as wat vereis mag word, om—
 - (i) die formele kennisgewing wat die interregeringsdispuut verklaar, uit te reik en te onderteken;
 - (ii) Swartland Munisipaliteit te verteenwoordig of verteenwoordigers van Swartland Munisipaliteit te benoem vir die doeleindes van enige vergadering of proses beoog in Artikel 42 en Hoofstuk 4 van die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge;
 - (iii) met die betrokke staatsorgane en ander geraakte munisipaliteite in gesprek te tree met die oog daarop om die dispuut sonder litigasie op te los;
 - (iv) tot toepaslike dispuutbeslegtingsmeganismes, insluitend fasilitering of bemiddeling, in te stem, onderhewig daaraan dat enige ooreenkoms wat wesenlike finansiële of beleidsimplikasies vir die Munisipaliteit inhou, na die Raad verwys word waar dit deur wetgewing of die Munisipaliteit se delegasiesstelsel vereis word; en
 - (v) alle administratiewe en prosedurele stappe te neem wat redelikerwys nodig is om uitvoering aan hierdie besluit te gee;
- (f) Dat, as deel van die dispuutbeslegtingsproses, Swartland Munisipaliteit oplossings versoek vir, onder andere, die regulatoriese en registrasiebeamptes-kwessies; Regulasie 38; die finansiële en inkomste-implikasies van AARTO; die verpligte afhanklikheid van SAPO; toerusting- en befondsings-verantwoordelikhede; SOP's en opleiding; NaTIS- en stelselgereedheid; en alle verwante bekommernisse insake die MFMA- en ongefinansierde-mandate;
- (g) Dat Swartland Munisipaliteit versoek dat AARTO nie binne sy regsgebied geïmplementeer word voordat die wesenlike wetgewende-, regulatoriese, finansiële en operasionele hindernisse wat die wettige en doeltreffende implementering daarvan raak, bevredigend deur die interregeringsdispuutproses opgelos is en die Munisipaliteit daarna 'n redelike tydperk gegun is om operasionele gereedheid te bereik nie; en
- (h) Dat die Munisipaliteit al sy regte voorbehou, insluitend die reg, onderhewig aan die toepaslike regsvereistes en enige verdere magtiging wat vereis mag word, om 'n bevoegde hof vir toepaslike regshulp te nader indien die interregeringsdispuutproses nie daarin slaag om die aangeleentheid op te los nie of indien omstandighede dringende beskerming van die Munisipaliteit se belange vereis.

6.4 VOORGESTELDE VERVREEMDING BY WYSE VAN VERKOOP VAN ERF 15701, MALMESBURY (30,9528 HEKTAAR), VIR DIE KLIPKOPPIE-SONKRAGAAANLEG (12/2B)

Die Raad het in Mei 2023 in-beginsel goedkeuring verleen vir die vestiging van 'n Sonkragaanleg op 'n gedeelte van die Klipkoppie, Malmesbury (ongeregistreerde gedeelte van Erf 327 van ±30 hektaar groot). Die Raad het verder goedkeuring verleen dat 'n 20-jaar huurkontrak met die suksesvolle Onafhanklike Kragprodusent aangegaan word, onderhewig aan sekere voorwaardes, byvoorbeeld grondgebruikregte, publieke deelnameproses, omgewingsmagtiging, ens.

Die Munisipale Bestuurder behandel die kernpunte uit die verslag en bevestig dat die betrokke gedeelte grond intussen by die Aktekantoor geregistreer is as Erf 15701, Malmesbury (groot 30,9528 hektaar). Tydens samespreking met die Wes-Kaapse Regering aangaande die projek is die voorkeur vir die verkoop van die gedeelte grond, eerder as verhuring uitgespreek. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat 'n verkooptransaksie 'n meer suiwer administratiewe handeling te weeg sal bring, teenoor die administratiewe las wat die bestuur van 'n huurkontrak oor 'n termyn van 20 jaar en langer tot gevolg sal hê, met gepaardgaande risiko's en voldoening aan voorsiening-kanaalbestuursvereistes.

'n Verkooptransaksie verlaag die risiko wat te weeg gebring word met die vervroegde aftrede van die Direkteur: Korporatiewe Dienste en die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste en die institusionele kennis wat vir die Raad verlore gaan om die projek suksesvol te volvoer. Die Munisipale Bestuurder bevestig egter dat daar 'n politieke en administratiewe wil is om die projek suksesvol te laat verloop.

BESLUIT

(op voorstel van rdd J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Raad kennis neem van die verslae en besluite van 25 Mei 2023 en Februarie 2026 rakende die voorgestelde langtermynverhuring van die sonkragprojekgedeelte van Erf 327, Malmesbury;
- (b) Dat die Raad kennis neem dat die projekeiendom in die Akteskantoor geregistreer is as Erf 15701, Malmesbury, groot 30,9528 hektaar, en dat die huidige besluit uitdruklik betrekking het op die volle geregistreerde omvang daarvan en die vorige benaderde maksimum van 30 hektaar vir doeleindes van die grondbesittransaksie vervang;
- (c) Dat die Raad op redelike gronde, ingevolge artikel 14(2)(a) van die MFMA, bepaal dat Erf 15701 nie benodig word om die minimum vlak van basiese munisipale dienste te lewer nie en nie vir enige ander redelikerwys voorsienbare munisipale doel benodig word nie, met dien verstande dat alle nodige munisipale toegangs-, dienskorridor- en serwituutregte voor oordrag behou of geregistreer word;
- (d) Dat die Raad, na oorweging van die billike markwaarde en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat in ruil daarvoor ontvang sal word, beginselgoedkeuring ingevolge artikel 14(2) van die MFMA en die MATR verleen vir die vervreemding van Erf 15701 by wyse van verkoop deur middel van 'n mededingende openbare tender vir die vestiging en bedryf van die Klipkoppie-sonkragenergiefasiliteit, teen die volgende reserweprys, synde die afgeronde ope markwaarde soos deur HCB bevestig in sy markwaarde-addendum gedateer 17 Augustus 2026: R6 965 000 plus BTW, indien van toepassing;
- (e) Dat die vorige raadsbesluite slegs gewysig of vervang word in die mate waarin dit 'n langtermynhuur as die grondbesitmeganisme voorskryf;
- (f) Dat 'n nuwe openbare deelnameproses ten opsigte van die voorgestelde permanente verkoop onderneem word, niesteenstaande die proses wat voorheen vir die verhuring afgehandel is, en dat alle kommentaar en/of besware deur die bevoegde gesag oorweeg word ooreenkomstig die toepaslike wetgewing en delegasies;

6.4/...

- (g) Dat aangeteken word dat die gedetailleerde sonkragprojek-RFP, PPA en tegniese vereistes afsonderlik hanteer sal word, met dien verstande dat die verkoop nie as 'n alleenstaande spekulatiewe grondtransaksie geïmplementeer mag word nie en met die regmatig goedgekeurde sonkragprojekproses gekoördineer moet word;
- (h) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word
 - (i) om die koopakte, titelvoorwaardes en verwante voorwaardes met betrekking tot die transaksie te finaliseer, insluitend maar nie beperk nie tot, projekspesifieke gebruik, beperkings op vervreemding, onderverdeling en verandering van beheer, munisipale toegang, servitute en infrastruktuurregte, aanspreeklikheid vir eiendomsbelasting en dienste, omgewingsnakoming, rehabilitasie en afdwingbare kansellasië-, heroordrag-, terugkoop-, voorkoops- of vergelykbare remedies indien die projek misluk, laat vaar word of permanent gestaak word;
 - (ii) om die wyse van vervreemding, wat 'n tweekoevert-proses mag insluit, te besin;
- (i) Dat alle transport-, oordrag-, registrasie- en ander koste wat aan die verkoop toeskryfbaar is, vir die koper se rekening is, dat die koopprys voor of gelyktydig met oordrag betaal word;
- (j) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die koopakte te onderteken.

6.5 VOORGESTELDE SLUITING EN UIT-DIE-HAND-VERVREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 6, RIEBEEK-WES AAN DIE EIENAAR VAN AANGRENSENDE ERF 1090, RIEBEEK-WES (12/2/5/2-12/1)

'n Aansoek is ontvang vanaf CK Rumboll en Vennote, namens die eienaar van Erf 1090, Riebeek-Wes, om 'n gedeelte van Erf 6 (groot, 3 760 m²) vanaf die Munisipaliteit te bekom.

Erf 1090 is binne die goedgekeurde stedelike randgebied van Riebeek-Wes geleë, maar het tans nie direkte toegang tot 'n geformaliseerde munisipale padreserwe nie en word toegang beoog via Erf 6, wat munisipale grond is. Die verkryging van die betrokke gedeelte van Erf 6 sal toegang vanuit Langstraat tot Erf 1090 vestig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Raad, ingevolge Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, besluit dat:
 - (i) Gedeelte A van Erf 6, Riebeek-Wes, ongeveer 3 760 m² groot, onderworpe aan die behoud van die nodige munisipale toegangsregte by wyse van 'n geregistreerde servituut, nie benodig word vir die voorsiening van 'n minimum vlak van basiese munisipale dienste nie; en
 - (ii) Die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat in ruil vir die bate ontvang sal word, oorweeg is.
- (b) Dat die Raad die onderverdeling van Erf 6, Riebeek-Wes, wesenlik ooreenkomstig die gewysigde terreinontwikkelingsplan, goedkeur in Gedeelte A, ongeveer 3 760 m² groot; en 'n Restant, ongeveer 2 723 m² groot, onderworpe aan finale opmeting en goedkeuring ingevolge die toepaslike statutêre prosesse;
- (c) Dat die ongeveer 2 723 m² Restant van Erf 6 in die Swartland Munisipaliteit gevestigd bly;
- (d) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die vereiste sluiting van Gedeelte A as openbare pad, insoverre dit regtens en kadastraal benodig word om uitvoering aan die transaksie te gee, onderworpe aan voldoening aan alle toepaslike statutêre, openbare deelname- en Landmeter-generaalvereistes;
- (e)/...

- (e) Dat goedkeuring ingevolge die toepaslike Verordening, die Raad se Munisipale Bate-oordragbeleid en Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, verleen word vir die uit-die-hand-vervreemding van Gedeelte A van Erf 6, Riebeek-Wes, ongeveer 3 760 m² groot, aan die geregistreerde eienaar van aangrensende Erf 1090, Riebeek-Wes, teen 'n verkoopprijs van R94 000.00 BTW uitgesluit, wat geag word billike markwaarde te reflekteer;
- (i) Dat Gedeelte A met Erf 1090, Riebeek-Wes, gekonsolideer word;
 - (ii) Dat 'n reg-van-weg-serwituut oor die volle ongeveer 3 760 m² Gedeelte A ten gunste van Swartland Munisipaliteit geregistreer word, wesenlik ooreenkomstig die gewysigde terreinontwikkelingsplan gedateer Augustus 2026;
 - (iii) Dat die serwituut gelyktydig met of voor oordrag en konsolidasie geregistreer word, soos deur die transportbesorgers en toepaslike owerhede vereis mag word;
 - (iv) Dat die bepalinge, omvang en voorwaardes van die serwituut tot bevrediging van die Munisipaliteit moet wees en voorsiening moet maak vir toegang deur gemagtigde munisipale personeel, brandweer- en reddingsdienste, noodvoertuie en ander munisipale gebruikers soos redelikerwys benodig;
 - (v) Dat die koper op eie koste verantwoordelik sal wees vir alle vereiste grondgebruik-, onderverdelings-, konsolidasie-, padsluitings-, kadastrale en registrasiegoedkeurings;
 - (vi) Dat die koper verantwoordelik sal wees vir alle kostes wat verband hou met en voortspruit uit die transaksie, insluitend advertensie-, onderverdelings-, landmeet-, padsluitings-, konsolidasie-, serwituutregistrasie-, transport- en oordragkoste;
 - (vii) Dat die voorgestelde sluiting en vervreemding vir openbare kommentaar en/of besware geadverteer word in ooreenstemming met die toepaslike vereistes en dat die Uitvoerende Burgemeester, in konsultasie met die Burgemeesterskomitee, gemagtig word om met enige besware wat ontvang word te handel, met dien verstande dat enige wesenlike beswaar wat die beginsel van die transaksie raak na die Raad terugverwys word; en
 - (viii) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om, nadat aan alle toepaslike voorwaardes voldoen is, die nodige Koopakke en verbandhoudende dokumentasie te finaliseer en te onderteken;
- (f) Dat die volgende redes genotuleer word vir die uit-die-hand-vervreemding van Gedeelte A sonder dat 'n mededingende proses gevolg word:
- (i) Gedeelte A is 'n lang, smal gedeelte grond wat hoofsaaklik geskik is om 'n toegangsfunksie te vervul en oor beperkte potensiaal beskik om onafhanklik te funksioneer;
 - (ii) Gedeelte A deur konsolidasie funksioneel met aangrensende Erf 1090 geïntegreer sal word;
 - (iii) Die Ingenieursdienstedirektorat bevestig het dat geen munisipale dienste-infrastruktuur nadelig deur die vervreemding geraak sal word nie;
 - (iv) Die Munisipaliteit se voortgesette behoefte aan toegang deur 'n geregistreerde reg-van-weg-serwituut oor die volle Gedeelte A beskerm kan word;
 - (v) Die ongeveer 2 723 m² Restant van Erf 6 in munisipale eienaarskap sal bly; en
 - (vi) Die voorgestelde transaksie toegang tot Erf 1090 sal formaliseer en 'n meer rasonale kadastrale uitleg tot gevolg sal hê sonder dat 'n finansiële las op die Munisipaliteit geplaas word.

6.6 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN SAKEPERSELE (ERWE 386 EN 387) TE KALBASKRAAL (12/2/B)

Die Raad beskik oor twee aangrensende sakepersele geleë in die sentrale sakekern van Kalbaskraal, naamlik:

- Erf 386, 1 Bloekomstraat, 457 m² in grootte;
- Erf 387, 3 Bloekomstraat, 630 m² in grootte.

'n Private party het belangstelling uitgespreek om beide eiendomme te bekom vir die oprigting van 'n vleisverwerkings-, verpakkings- en verspreidingsonderneming.

Die verslag word voorgelê om die Raad se in-beginsel goedkeuring te verkry om Erwe 386 en 387, Kalbaskraal, by wyse van openbare tender vir vervreemding aan te bied.

BESLUIT

(op voorstel van rdl A M Williams, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen ingevolge Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, en die Verordening en Beleid insake die Oordrag van Munisipale Kapitaalbates, dat finansiële aanbiedinge by wyse van openbare tender gevra word vir die vervreemding van die volgende aangrensende vakante onroerende eiendomme in Kalbaskraal, gesoneer Sakesone 1: Algemene Sake:
 - Erf 386, Bloekomstraat 1, Kalbaskraal (457 m² groot)
 - Erf 387, Bloekomstraat 3, Kalbaskraal (630 m² groot)
- (b) Dat kennis geneem word dat die eiendomme wat te koop aangebied staan te word in geen stadium vir die verskaffing van 'n minimum of enige ander vlak van basiese munisipale dienste geormerk is nie en nie vir munisipale doeleindes benodig word nie;
- (c) Dat die reserwepryse (BTW uitgesluit) vir die eiendomme soos volg vasgestel word, welke reserwepryse deur die Raad geag word die billike markwaarde daarvan te reflekteer:
 - Erf 386 R54 000,00
 - Erf 387 R70 000,00
- (d) Dat die koper, benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige koste wat uit die transaksie mag voortspruit;
- (e) Dat die voorgename vervreemding in die media geadverteer word vir openbare kommentaar en/of moontlike besware;
- (f) Dat volmag soos volg verleen word:
 - (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om:
 - enige kommentaar en/of beswaar wat in verband met die voorgename vervreemding ontvang word, te oorweeg en af te handel; en
 - 'n finale besluit rakende die oordrag van die bates te neem nadat alle toepaslike voorsieningskanaalbestuurs- en ander wetlike voorskrifte nagekom is;
 - (ii) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om, in oorleg met alle tersaaklike interne rolspelers, die tender- en verkoopsvoorwaardes te finaliseer, insluitend toepaslike opskortende en ontwikkelingsvoorwaardes;
- (g) Dat geen uit-die-hand-vervreemding van die eiendomme by hierdie besluit gemagtig word nie en dat enige vervreemding onderhewig bly aan die openbare tenderproses en die finale goedkeuring ingevolge paragraaf (f)(i) hierbo.

6.7 VOORGESTELDE VERFREEMDING VAN VAKANTE INDUSTRIËLE ERWE TE YZERFONTEIN (12/2/B)

Swartland Munisipaliteit is die eienaar van vakante grond geleë langs die R315 by die ingang van Yzerfontein wat onderverdeel is om verskeie industriële erwe te skep. Die verslag het ten doel om die Raad se in-beginsel goedkeuring te verkry om Erwe 2992, 2993, 2994, 2996, 2997 en 2999, Yzerfontein by wyse van 'n mededingende publieke proses te vervreem.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit teenoor die vestiging van 'n industriële ontwikkeling aangrensend tot 'n residensiële gebied en versoek dat streng parameters ingestel moet word, byvoorbeeld die oorweging van 'n 10 m bouparameter.

Die Uitvoerende Burgemeester meld verder dat die ontwikkelbaarheid van Erf 2992 ondersoek moet word, weens die lae ligging van die betrokke erf.

BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen ingevolge Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, die Munisipale Bate-oordragregulasies, 2008, en die Raad se Verordening en Beleid insake die Oordrag van Munisipale Kapitaalbates vir die vervreemding van die volgende vakante, ongeregistreerde eiendomme te Yzerfontein, almal gesoneer Nywerheidsone 1:

Erf 2992, Yzerfontein – 5 068 m² groot;
 Erf 2993, Yzerfontein – 4 282 m² groot;
 Erf 2994, Yzerfontein – 4 665 m² groot;
 Erf 2996, Yzerfontein – 4 840 m² groot;
 Erf 2997, Yzerfontein – 3 954 m² groot;
 Erf 2999, Yzerfontein – 5 703 m² groot;

- (b) Dat die Raad bepaal dat die bogenoemde eiendomme nie benodig word vir die verskaffing van die minimum vlak van basiese munisipale dienste nie;
- (c) Dat kennis geneem word dat Erf 2995, waarop die vismark geleë is, nie deel vorm van die voorgestelde vervreemding nie en dat alle nodige toegang- en serwitutregte ten gunste van Erf 2995 beskerm en/of geformaliseer moet word;
- (d) Dat die volgende waardasies, BTW uitgesluit, as die minimum reserwewaardes gebruik word, en geag word die billike markwaarde van die eiendomme te reflekteer:

Erf 2992 – R2 635 400,00;
 Erf 2993 – R2 226 600,00;
 Erf 2994 – R2 425 800,00;
 Erf 2996 – R2 516 800,00;
 Erf 2997 – R2 056 100,00;
 Erf 2999 – R2 965 600,00;

met 'n totale huidige waardasie van R14 826 300,00, BTW uitgesluit;

- (e) Dat die voorgenome vervreemding in die media geadverteer word vir openbare kommentaar en/of moontlike besware;
- (f) Dat kennis geneem word dat voldoende grootmaat-elektrisiteitskapasiteit tans nie beskikbaar is nie, dat die verwagte voltooiingsdatum van Eskom se Yzerfontein-substasie-opgradering nie deur die Munisipaliteit gewaarborg kan word nie, en dat hierdie beperking uitdruklik in die vervreemdingsdokumentasie en koopkontrak openbaar gemaak moet word;
- (g) Dat die koper(s) verantwoordelik sal wees vir alle koste verbonde aan die diens en ontwikkeling van die erwe, insluitend toepaslike water-, siviele- en elektrisiteitsinfrastruktuur, toegangspaaie, interne retikulasie, ontwikkelingsheffings, aansluitings- en registrasie- en oordragkoste;
- (h) Dat alle toepaslike grondgebruik-, ingenieurs-, toegang-, estetiese en ontwikkelingsvoorwaardes in die voorwaardes van vervreemding en koopakte opgeneem word;
- (i) Dat volmag soos volg verleen word:
- (i) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om enige kommentaar en/of besware wat in verband met die voorgenome vervreemding ontvang word, te oorweeg en af te handel;

6.7/(i)...

- (ii) aan die Munisipale Bestuurder om, nadat die openbare deelnameproses afgehandel is en met inagneming van enige kommentaar of besware, die mees geskikte wyse van vervreemding te bepaal, naamlik openbare veiling of openbare tender/mededingende bod, asook of die erwe as een saamgestelde transaksie, individueel of in 'n gepaste kombinasie aangebied moet word;
 - (iii) aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die finale vervreemding goed te keur nadat alle toepaslike voorsieningskanaalbestuurs-, wetlike, finansiële en grondgebruikvereistes nagekom is; en
 - (iv) aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om, in oorleg met alle tersaaklike interne rolspelers en, waar van toepassing, die Raad se aangestelde afslaer, die tender-/veilingsvoorwaardes en koopvoorwaardes te finaliseer, insluitend toepaslike opskortende, diens-, toegang- en ontwikkelingsvoorwaardes;
- (j) Dat geen uit-die-hand-vervreemding of direkte onderhandeling met enige belangstellende party deur hierdie besluit gemagtig word nie; en
- (k) Dat die koper(s), benewens die koopprys, verantwoordelik sal wees vir alle aanvullende en toevallige koste wat uit die transaksie en oordrag mag voortspruit;

BESLUIT VERDER

- (l) Dat, alvorens voormelde besluit geïmplementeer word, die volgende eers ondersoek sal word:
- (i) die ontwikkelbaarheid van Erf 2992 wat betref die hantering van stormwater, weens die lae ligging van die erf;
 - (ii) indien Erf 2992 wel ontwikkelbaar is, dit ingesluit word by die voorgename vervreemding, maar om Erf 2999 as synde aanliggend tot Erf 3001 waarop raadswonings geleë is, uit te sluit;
 - (iii) die moontlikheid om 'n 10 meter bouparameter ten aansien van Erf 2997 af te dwing, gegewe die naasliggende eiendomme op Erf 3001.

6.8 VOORGESTELDE GRONDRUILTRANSAKSIE TEN OPSIGTE VAN ERWE 7517 EN 5388 MALMESBURY: SWARTLAND MUNISIPALITEIT: PNIËL PINKSTER INTERNASIONAAL (12/2/1-8/10)

Die verslag verskaf meer agtergrond tot die betrokke eiendomme in die voorgestelde grondruiltransaksie, naamlik:

- Erf 7571 (groot 1 667 m²) wat in 1998 aan Pniel Pinkster Internasionaal by die Munisipaliteit aangekoop is;
- Erf 5388 (groot 2022 m²), 'n munisipale eiendom wat as Gemeenskapsone 2 (Plek van Aanbidding) soneer is;

Die voorgestelde grondruil sal die Munisipaliteit in staat stel om Erf 7517 te bekom met die oog op die moontlike formalisering van die bestaande taxistaanplek, wat 'n gevestigde op- en aflaai-punt vir daaglikse en langafstand-taxidienste geword het. In ruil daarvoor sal Pniël Pinkster Internasionaal Erf 5388 bekom vir ontwikkeling en gebruik ooreenkomstig die eiendom se sonering.

Raadslede R R Mains en A M Booyen spreek hulle ondersteuning vir die grondruiltransaksie uit, aangesien Pniel Pinkster Internasionaal goeie werk, veral onder die jeug, verrig.

BESLUIT

(op voorstel van rdl R R Mains, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

- (a) Dat, onderhewig aan die vasstellings wat ingevolge artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (MFMA) en die toepaslike bepalinge van die Munisipale Bate-oordragregulasies (MATR) vereis word, die Raad ingevolge die Verordening insake Oordrag van Munisipale Kapitale Bates (PK 7394 gedateer 22 Mei 2015)

6.8/(a)...

goedkeuring verleen vir die volgende grondruiltransaksie tussen Swartland Munisipaliteit en Pniël Pinkster Internasionaal:

- Dat Erf 7517, Malmesbury, 1 667 m² groot en in besit van Pniël Pinkster Internasionaal, verruil word vir Erf 5388, Malmesbury, 2 022 m² groot en in besit van Swartland Munisipaliteit;
- Dat vergoeding van R15 620,00 (BTW uitgesluit), bereken teen 20% van R78 100,00 ten opsigte van die bykomende grondkomponent van 355 m², deur Pniël Pinkster Internasionaal betaalbaar is;

- (b) Dat die voorgestelde transaksie geadverteer word vir openbare kommentaar en/of besware, asook vir teenvoorstelle of aanbiedinge soos beoog in paragraaf 12.3 van die Munisipale Bate-oordragbeleid, en dat die Uitvoerende Burgemeester, in konsultasie met die Burgemeesterskomitee, gemagtig word om enige kommentaar, besware, teenvoorstelle of aanbiedinge wat ontvang word, te hanteer, onderhewig aan die toepaslike delegasies en wetlike vereistes;
- (c) Dat die grondruiloorreënkomst en registrasie van die grondruil deur 'n oordrag-prokureur wat deur die Munisipaliteit aangestel word, behartig word en dat die oordragkoste verbonde aan beide oordragte deur Swartland Munisipaliteit gedra word;
- (d) Dat die volgende redes genotuleer word vir die aangaan van die grondruiltransaksie by wyse van direkte onderhandeling, sonder om 'n mededingende proses te volg, met verwysing na paragrawe 12.2 en 12.3 van die Munisipale Bate-oordragbeleid:
 - (i) Die grondruil sal na verwagting bedryfs- en gemeenskapsvoordele inhou. Die Munisipaliteit sal die perseel bekom vanwaar die bestaande taxi-aktiwiteite bedryf word en sodoende die behoefte vermy om alternatiewe grond aan te koop of 'n gevestigde openbare vervoerdiens te verskuif. Pniël Pinkster Internasionaal sal op sy beurt 'n toepaslik gesoneerde eiendom bekom waarop die kerkontwikkeling wat oorspronklik met die aankoop van Erf 7517 in 1998 beoog is, nagestreef kan word;
- (e) Dat 'n terugvalklousule teen die titelakte van Erf 5388 geregistreer word wat, op voorwaardes wat in die grondruiloorreënkomst opgeneem word, bepaal dat die eiendom sonder koste en vry van enige eise na die Munisipaliteit terugval indien die oordragnemer die eiendom strydig met die ooreengekome voorwaardes vervreem, versuim om die eiendom of 'n gedeelte daarvan vir kerkdoeleindes en verwante aktiwiteite soos deur die sonering toegelaat te gebruik, of versuim om die eiendom binne die ontwikkelingstydperk wat in die ooreënkomst bepaal word, te ontwikkel;
- (f) Dat die Raad, vir doeleindes van artikel 14(2) van die MFMA, op redelike gronde bepaal dat Erf 5388, Malmesbury, 2 022 m² groot, nie benodig word om die minimum vlak van basiese munisipale dienste te lewer nie, en notuleer dat die billike markwaarde van Erf 5388 asook die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat in ruil ontvang sal word, oorweeg is;
- (g) Dat die Raad sy oorweging van die toepaslike faktore soos voorgeskryf in regulasie 13(2) van die MATR ten opsigte van die voorgestelde oordrag teen minder as billike markwaarde notuleer en bevestig dat die voorgestelde transaksie, onderhewig aan die voorwaardes in hierdie aanbeveling, in die belang van die Munisipaliteit en die plaaslike gemeenskap is.

6.9 VOORGESTELDE VERFREEMDING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 968, MEULSTRAAT, MOORREESBURG AAN DIE EIENAAR VAN ERE 783 EN 797 (12/2/B)

'n Aansoek is ontvang vanaf die eienaar, Overberg Agri Bedrywe Edms Bpk, van Erwe 783 en 797, Moorreesburg om 'n gedeelte van Meulstraat (Restant Erf 968), 1111 m² in grootte, te bekom. Die doel van die aansoek is om die gedeelte van Meulstraat by die voorgestelde ontwikkeling op sy bestaande eiendomme te inkorporeer om te verseker dat die eiendom ten volle ontwikkel word in terme van die uitleg en funksionaliteit daarvan, en om gekoördineerde infrastruktuurbeplanning moontlik te maak.

Rdl C Fortuin versoek dat die publiek, veral die omliggende eienaars in Meulstraat, behoorlik ingelig sal word insake die voorgestelde vestiging van die Kanolasaad-ekstraksie-fabriek op die betrokke erwe.

Rdl D C Pypers bevestig dat daar reeds 'n publieke vergadering op 18 Augustus 2026 plaasgevind het en dat die openbare deelnameproses tans gevolg word om kommentaar/beswaar vanaf lede van die publiek uit te nooi.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die openbare deelnameproses tans gevolg word en dat die Munisipaliteit sal toesien, indien die grondgebruik goedgekeur word, dat die ontwikkeling voldoen aan al die wetgewende vereistes, spesifiek ten opsigte van 'n hinderbedryf.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat, ingevolge Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet 56 van 2003) die Raad besluit:
 - (i) Dat die onderwerp eiendom nie benodig word om die minimum vlak van basiese dienste te voorsien nie; en
 - (ii) Dat die billike markwaarde van die bate en die ekonomiese en gemeenskapswaarde wat vir die bate ontvang moet word, oorweeg is.
- (b) Dat ingevolge die toepaslike verordening sowel as Artikel 14 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur goedkeuring deur die Raad verleen word vir die vervreemding van 'n gedeelte van Meulstraat (Restant van Erf 968), Moorreesburg, ongeveer 1111m² groot, aan die eienaar van Erwe 783 en 797 teen 'n markverwante verkoopprijs van R183 315,00 (R165/m²), BTW uitgesluit, onderworpe aan die standaard verkoopsvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
 - (i) Dat die proses om die nodige grondgebruiks- of ontwikkelingsregte (bv. sluiting van die gedeelte straat, onderverdeling, konsolidasie, ens.) te verkry, deur en op koste van die koper onderneem word, met dien verstande dat alle ander koste wat met die oordrag van die eiendom verband hou, vir die rekening van die koper sal wees. Hierdie sal as 'n opskortende voorwaarde dien wat aan voldoen moet word voordat die registrasie van oordrag van die gedeelte padreserwe plaasvind;
 - (ii) Dat 'n nuwe water pyplyn (in rooi aangedui) geïnstalleer word en die bestaande water pyplyn geleë in Meulstraat buite werking gestel en laat vaar word (sien aangehegte **figuur 1**).
 - (iii) Dat die bestaande rioolpyplyn herlei word via nuwe mangate (in grys aangedui op aangehegte **figuur 2**) en dat die gedeelte van die pyplyn wat tans in Meulstraat geleë is, na voltooiing nie meer benodig sal wees nie en buite werking gestel sal word.
 - (iv) Dat die bestaande gedeelte van die oorhoofse laagspannings-elektrisiteitslyn en toevoerkabel op koste van die koper verskuif word;
 - (v) Dat die voorgestelde transaksie in die media geadverteer word vir openbare kommentaar en/of moontlike besware, en dat die Uitvoerende Burgemeester (in oorleg met sy komitee) gemagtig word om enige besware wat ontvang mag word, te hanteer.
- (c) Dat die volgende rede genotuleer word vir die uit-die-hand vervreemding soos voormeld, sonder om 'n openbare mededingingsproses te deurloop met verwysing na paragraaf 12.1.1 van die Munisipale Bate Oordrag Beleid:
 - (i) Die eiendom as 'nie-bestaansbare bate' kwalifiseer deurdat dit as gevolg van fisiese beperkings nie as 'n afsonderlike entiteit sinvol ontwikkel kan word binne die ontwikkelingsparameters van die huidige sonering nie, en dus slegs funksioneel raak indien dit vervreem word aan 'n aangrensende eienaar vir gebruik daarvan tesame met sy of haar eiendom, soos in hierdie geval waar dit geïnkorporeer gaan word in die ontwikkeling van 'n aanleg vir oplosmiddele-ekstraksie van kanolasaad, soos voorgestel.

6.10 ONGEVRAAGDE BOD: MOUNT ROYAL SPORT AND SKILLS DEVELOPMENT (PTY) LTD: VOORGESTELDE VERKRYGING EN ONTWIKKELING VAN MUNISIPALE GROND AANGRENSEND AAN MOUNT ROYAL EN WESBANK, MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

'n Ongevraagde bod is ontvang vanaf *Mount Royal Sport and Skills Development (Pty) Ltd* (MRSSD) vir die verkryging van munisipale grond aangrensend tot die Mount Royal Gholflandgoed en Wesbank, Malmesbury.

Die doel van die verslag is om magtiging vanaf die Raad te verkry om voort te gaan met die voorgeskrewe statutêre proses vir oorweging van die ongevraagde bod.

Die voorstel deur MRSSD beoog om die institusionele-gebied, bestaande uit die fasiliteite gemeld in die verslag, met die bestaande en toekomstige residensiële komponente van Mount Royal, die golfgebied en die aangrensende gemeenskap in Wesbank, Malmesbury te integreer. Dit beoog verder vennootskappe met sport-, onderwys-, opleiding- en bedryfsorganisasies, asook die gefasseerde implementering van die ontwikkeling.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl A M Booysen)

- (a) Dat kennis geneem word van die ongevraagde bod wat op 9 Junie 2026 deur Mount Royal Sport and Skills Development (Pty) Ltd ingedien is vir die voorgestelde verkryging en ontwikkeling van munisipale grond aangrensend aan Mount Royal Golf and Country Estate en Wesbank, Malmesbury;
- (b) Dat kennis geneem word van die regsopinie wat by die ongevraagde bod ingesluit was, sowel as die kommentaar ontvang vanaf die onderskeie Munisipale Departemente;
- (c) Dat, vir doeleindes van Artikel 14 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet en die toepaslike Munisipale Bate-oordragregulasies (MATR), en op grond van die inligting wat tans beskikbaar is, die beginsel aanvaar word dat die betrokke grond nie benodig word vir die lewering van die minimum vlak van basiese munisipale dienste nie, onderhewig aan finale verifiëring van die presiese kadastrale beskrywing en grootte van die grond;
- (d) Dat daar op hierdie stadium slegs kennis geneem word van die markwaarde van R14 300 000 en die bieder se voorgestelde aanbod van R715 000, en dat uitdruklik aangeteken word dat geen goedkeuring van die voorgestelde vergoeding of van 'n oordrag teen 'n waarde laer as markwaarde op hierdie stadium verleen word nie;
- (e) Dat die Administrasie gemagtig word om voort te gaan met die voorgeskrewe statutêre proses vir verdere oorweging van die ongevraagde bod ingevolge Artikel 113 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (MFMA), SCM-regulasie 37, die Munisipale Bate-oordragregulasies (MATR), die Munisipaliteit se Voorsieningkanaalbestuursbeleid en Bate-oordragbeleid, insluitend die vereiste openbare deelname en konsultasie met Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie;
- (f) Dat aangeteken word dat die voortsetting van die statutêre proses nie goedkeuring daarstel van:
 - (1) die finale vervreemding of oordrag van die munisipale grond nie;
 - (2) die toekenning van die ongevraagde bod nie;
 - (3) die voorgestelde koopprys nie;
 - (4) enige grondgebruik- of omgewingsgoedkeuring nie;
 - (5) die beskikbaarheid van munisipale dienskapasiteit nie; of
 - (6) enige finansiële bydrae deur die Munisipaliteit tot infrastruktuur wat vir die voorgestelde ontwikkeling benodig word nie;

(g)/...

6.10/...

- (g) Dat die biebër versoeek word om as deel van die verdere proses, die nodige gedetailleerde ingenieurs- en ontwikkelingsinligting te voorsien en dat enige toekomstige voorstel wat vir finale goedkeuring voorgelê word, uitdruklik bepaal dat alle infrastruktuur- en dienste opgraderings wat aan die ontwikkeling toegeskryf kan word, insluitend toepaslike netwerkbydraes, vir die ontwikkelaar se rekening sal wees, tensy die Raad uitdruklik anders besluit;
- (h) Dat 'n formele beoordeling deur Finansiële Dienste van die finansiële implikasies van die voorstel, insluitend die voorgestelde vervreemding teen 'n waarde laer as die billike markwaarde, by die dokumentasie ingesluit word voordat die transaksie finaal oorweeg word;
- (i) Dat kennis geneem word dat enige toekomstige voorgestelde vervreemdingsvoorwaardes die toepaslike en afdwingbare terugval-, ontwikkelings-, openbare-belang- en prestasievoorwaardes moet insluit, met inbegrip van meetbare bepalinge rakende plaaslike indiensneming, vaardigheidsontwikkeling, deelname deur plaaslike SMME's, plaaslike verkryging en die bestuur en bedryf van die Publieke Voordele Fonds;
- (j) Dat die Administrasie versoeek word om die kadastrale beskrywing van die betrokke munisipale grond te verifieer en te formaliseer voordat die vereiste openbare kennisgewing gepubliseer word; en
- (k) Dat aangeteken word dat, na voltooiing van die voorgeskrewe openbare deelname proses, konsultasie met Tesourie, tegniese ondersoeke en ander statutêre prosesse, 'n verdere omvattende verslag aan die toepaslike besluitnemingstrukture en die Raad voorgelê sal word vir oorweging voordat enige finale vervreemding of kontraktuele verbintenis aangegaan word.

**GETEKEN:
SPEAKER**